# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAN

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAN

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ

- In 16 Tale

Vol. XVI    MAY 2023    No. 11


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Psalm 32:1-8**

1. Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is.
2. Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie.
3. Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele da;
4. want U hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed. Sela.
5. My sonde het ek U bekend gemaak, en my ongeregtigheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe. Sela.
6. Daarom sal elke vrome U aanbid in 'n tyd as U te vinde is; ja, by 'n oorstroming van groot waters sal hulle nie aan hom raak nie.
7. U is 'n skuilplek vir my; U bewaar my in benoudheid; U omring my met vrolike gesange van bevryding. Sela.
8. Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan. Ek wil raad gee; My oog sal op jou wees.

# MET DAGBREEK!

## AT THE BREAK OF DAWN!

*Sus. Angeline Selvakumari*



Wees gegroet in die Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus. Dit is met groot vreugde dat ek u ontmoet deur die Echo of His Call Tydskrif. Groot is Sy trou Wat ons toe hiertoe gelei het en ons sal deurdra!

**God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.** Psalm 46:6.

Wat 'n heerlike belofte. Hoe dit ook al sy, die situasie waarin hierdie belofte gemaak word, is insiggewend. Kom ons let op Psalm 46:2. Daar staan:

1. Aarde waggel
2. Berge wankel weg in die hart van die see
3. Waters bruis en skuim
4. Berge bewe

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*



**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap en Gebed in 5 minute**

**Engeis, Hindi, Tamil & Telugu**

Daagliks – 5.00

**Tamil Sondagdiens – 8.30**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

CHIEF EDITOR
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
ADMINISTRATION
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager
EDITORIAL BOARD
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858
CORE LEADERS
Bro. K. Puratchivendan
Dr. Rabinder Boaz, M.S.
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah
E.mail ID
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**"... maar hy wat op die Here vertrou - met goedertierenheid sal Hy hom omring"** - Psalms 32:10

Liewe Broeders en Susters,

Wees gegroet in die Soete Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Die Here Jesus Christus is goed vir ons op alle vlakke van die bediening. Alle opvoedkundige instellings sluit vir die somer vakansie in Mei. So laat ons hierdie dae gebruik om Evangeliese werk te doen deur plaaslike Kerke saam te snoer en die Koninkryk van God uit te brei.

Wanneer ons na die wêreld kyk, sien ons jong seuns en dogters wat wegbeweeg van die Here af deur weg te bly van Kerkdienste en bedienings aktiwiteite. Dit gebeur dwarsoor die wêreld. Ouers en Kerkadministrasie kan nie juis veel hieraan doen nie.

So, deur hierdie geleentheid te gebruik, is wêrelds gesindes, politici en sogenaamde diensknegte van God wat ongesonde leerstelling preek op die uitkyk om die jeug te gryp en toe te rus in verkeerde dinge. In Kerke neem die bywoning van jong seuns en dogters af. Dit is uiters hartseer. Alhoewel die senior gesinslede probeer om hulle onder God se vleuels te hou, wil hulle dinge doen soos wat hulle wil en God se weë ignoreer.

Dit is dus hoogtyd dat ouers en leiers begin bid en by God aan te dring om herlewing te bring onder die kinders en jeug dwarsoor die wêreld. Ons het 'n klein span van God se volk saamgestel wat dieselfde las dra en het begin om vir die kinders en jeug te bid. U kan help deur vir ons die name van kinders en seuns en dogters te stuur sodat ons hulle voor die Genade Troon van God kan opdra. **U hoef nie hiervoor geld te stuur nie.** U kan egter wel saam met ons intree en bid vir hierdie **GLOBALE VISIE VIR JEUG EN & KINDER SORG**. Ons waardeer u samewerking.

Om te begin het ons 'n tyd vasgestel om elke dag om 22:00 opsy te sit as Gebedstyd vir al die kinders en jeug van alle nasies. U kan ook saam bid in u eie land om 22:00 plaaslike tyd.

Ons weet dat wanneer God se volk saamspan in eengesindheid vir 'n spesifieke doel, dat die Hemelse Vader sal antwoord. Wanneer u goeie getuienisse van so 'n kind of jeuglid ontvang, stuur dit gerus vir ons aan. Ons sal poog om die getuienisse in ons nuusbrief te plaas.

Ons bid vir u. Ons streef heelhartig daarna om die Evangelie aan alle nasies dwarsoor die wêreld te bring op welke manier ook al moontlik. Sluit by ons aan in gebed. God seën u.

U dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: samselvaraj333@gmail.com

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) · BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) · Media Ministry · Online Courses · Theological Correspondence Courses (2 languages) · Church Planting · Nehemiah Bible Colleges · Gospel Printing Press · Great Commission Partners · St. Paul's Matriculation School · Crusades · Community Development

*verv. v. bls.1*

Dus, toe alles beweeg het, geskud het en rusteloos was sê die Bybel, is God midde-in alles! Selfs wanneer alles rondom ons beweeg, sal ons nie kan beweeg word nie. God is midde-in alles wat beweeg, skud en bewe. Hy sal ons help teen Dagbreek. Want God is goed! Wat ook al Hy doen, is goed! Hy is die God van die onmoontlike.

Al die dinge waarmee ons worstel, waarmee ons veg, al die gebede wat nog beantwoord moet word, dinge wat u bind, die omstandighede wat u beperk het, sal in die Naam van Jesus gebreek word, want **Hy sal ons help met dagbreek** (Psalm 46:6).

## I. Wat is die belang van die Dagbreek?

### (a) Dagbreek is die begin van 'n Nuwe Seisoen!

Volgens die Joodse kalender, is die duisternis van 9 tot 10 en daarna Breek die Dag. Dit is rofweg tussen 12 en 3 vm.; dit verdring die duisternis en bring die lig, 'n splinternuwe dag en 'n splinternuwe seisoen wag. Waarom gaan oins deur seisoene van storms, skuddings en bewings?

### (b) Dagbreek is 'n Seisoen van Oorgang!

Dagbreek is 'n tydperk van oorgang tussen nag en dag. Dit beweeg van een seisoen na 'n ander, van een tydperk na 'n ander. Die oorgang self is 'n tydperk van **onsekerheid**, waar mens onseker is van die volgende tree wat jy moet gee. Sal mens hierdie kant toe gaan of daardie kant toe? Dit is 'n tydperk van chaos en **verwarring**. Mens worstel om 'n besluit te neem. Dit simboliseer ook 'n tydperk van vrees - vrees vir wat gebeur en vrees vir wat nog gaan gebeur. Weet u, dit is hoedat die wêreld en die duiwel wil hê dat u hierdie tydperk van Oorgang sal sien - as 'n tydperk van chaos, verwarring, konfrontasie, en onsekerheid. Maar, God wil hê dat ons dit sal sien as 'n tydperk om 'n BREEK te neem. Let op die woord **Deurbraak**… Dit is om 'n breek te neem. God sien dit is 'n seisoen van deurbraak, waar mens 'n breek neem en deurkom.

As 'n Kerk, en individue, soos wat ons aanbeweeg na die volgende vlak, vind ons dit is 'n Nuwe Seisoen van groei, wasdom, 'n Deurbraak. Wanneer die duisternis gebreek word, vind die dagbreek plaas.

### (c) Dagbreek is 'n Seisoen van geestelike oorlogvoering!

Deurbraak is nie maklik nie. Dit is om te breek en uit te kom. Dit is oorlog, dit is 'n stryd! Jy breek die duisternis. Dit gebeur nie

## GLOBALE VISIE VIR JEUG & KINDERS SORG!

God het aan ons 'n spesiale las opgedra vir die welsyn van die jonger geslag en om spesiale aandag te verleen aan die kinders en jeug van hierdie geslag in alle lande deur vir hulle te bid, te onderrig en toe te rus vir God se Koninkryk.

Ons het op die aardbol 'n klein groepie van God se mense saamgestel wat dieselfde las het en saam met ons te bid, elke dag om 20:00, plaaslike tyd in hul in eie land. U is welkom om saam met ons te bid. Stel ons asseblief in kennis van u voorneme. Ons sal antwoord.



Verder, indien u besorgd is oor die geestelike oorlogvoering van u kinders en kleinkinders, kan u hulle name aan ons stuur met hulle ouderdomme (kinders en jeug) asook hulle behoeftes, indien enige. Indien u onder 35 jaar oud is, kan u ook u naam vir ons aanstuur. Moet asseblief nie geld hiervoor stuur nie. God seën u..

Ons kontak besonderhede:
**GLOBAL VISION FOR YOUTH & KID CARE**
**Echo of His Call**
Mobile & WhatsApp No : +91- 98412 71858 &
+91- 98410 71858
E.mail ID : sam@echoofhiscall.org

moeiteloos nie en bring lig. God roep ons na 'n seisoen van deurbraak. Hy gebruik ons om deurbraak te bring vir ons kinders, ons gesin, ons Kerk, ons dorp, ons nasie, die wêreld! Amen!!! Dit is 'n seisoen van geestelike Deur-Braak!!!

Ons sal sien dat dinge wat donker en onmoontlik is nie die einde beteken nie, maar rede verskaf vir ons **deurbraak**. Elia was fisies, verstandelik, geestelik en emosioneel uitgeput. Dit was vir hom onmoontlik om te leef. Dit was een van die donkerste oomblikke in sy lewe. Kort na die herlewings bediening teen die Baälprofete wat hy soos 'n een-man weermag hanteer het, is al wat Elia gehoor het dat hy doodgemaak gaan word. Hy het gevrees vir sy lewe en kon nie reg dink nie. Hy het uitgeroep …**"Dit is genoeg, neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie!"** 1 Konings 19: 4.

Hy het gevoel dis die einde en oral was dit donker, min het hy besef dat hy in 'n tydperk van oorgang was. **Tussenin!** Hy sien die duisternis, nie die dagbreek. God het hom daar geplaas om die duisternis te breek. Hierdie jaar plaas God sommige van ons in 'n tydperk van oorgang sodat ons die breek kan wees – breek die duisternis en bring die lig. Skree Amen!!!

**"Die deurbreker sal optrek voor hulle uit …"** Miga 2: 13. Amen. Hy sal voor ons optrek om die duisternis te breek en ons na die lig te lei. **…hulle sal deurbreek en deur die poort intrek en daardeur uittrek...** Miga 2: 13. Amen.

Wat u ook al vashou, u in duisternis omvou, u laat verkrummel, u beperk, God sal u daar laat uitkom, in Jesus se Naam, "u sal daar uitkom"; want Hy stap voor u uit. **Hef op julle hoofde, o poorte, dat die Erekoning kan deurgaan. Wie is dan tog die Erekoning?** (Psalm 24: 7- 9). Soos die volgende lied dit stel:

***"Ek weet wie voor my uitgaan,***
***Ek weet wie volg***
***Die God van die leërskare is langs my. …***
***Niks sal teen my standhou nie … "***

(Vry vertaal uit Engels)

EK SAL NIE VREES NIE, WANT DIE HERE IS MET MY.

Soos vroeër genoem, Deurbraak is om deur die duisternis te breek en in die lig te kom. Hierdie jaar sal God aan ons 'n deurbraak gee vanuit die duisternis na die lig, in oorwinning.

## II. Dagbreek is 'n Seisoen van Geestelike Oorlogvoering

Duisternis – Wat simboliseer duisternis?

### (a) Bose Heerskappy!

Duisternis is diabolies. Dit simboliseer die duiwel, ook genoem die prins van duisternis. Duisternis is 'n heerskappy. Kolossense 1:13 sê **Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die Koninkryk van die Seun van Sy liefde.** Heerskappy is iets wat domineer. Sommige van ons voel asof daar iemand in ons lewe is wat die laaste sê het of die laaste knoppies druk en dat ons geen sê het nie. Dagbreek is om die heerskappy van die duisternis te breek.

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Mei 19 Tot 2023 Junie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

| | | |
|---|---|---|
| **Mei 19** | ➲ | Die seën vir ons Drukpers en publikasies in 16 tale, wat versend word na die Sendingveld. |
| **Mei 20** | ➲ | Sy seën op ons bedienings reise. |
| **Mei 21** | ➲ | Sy Seën oor al die lidmate van ons Hoof Kerk en ons tak Kerke. |
| **Mei 22** | ➲ | Ons Here wat ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin beskerm teen bose werkinge. |
| **Mei 23** | ➲ | Die seën op ons **Bybelkor** (Bybel Korrenspondenise Kursusse) en **Teologiese Korrespondensie Kursusse**. |
| **Mei 24** | ➲ | Die gawes geskenk aan ons nuwe Prinsipaal by ons **St. Paul's Matrikulasie Skool**. |
| **Mei 25** | ➲ | Die Sondag dienste by ons Hoof Kerk en takke. |
| **Mei 26** | ➲ | Seën op ons nuwe fakulteit by die **Nehemia Bybel Kollege.** |
| **Mei 27** | ➲ | Goddelike beskerming van alle lande midde-in die chaos en vrese van oorlog. |
| **Mei 28** | ➲ | Sy seën uitgegiet op die gesinne van ons werknemers. |
| **Mei 29** | ➲ | Florering van ons Christen bedieninge ten spyte van politieke en godsdienstig weerstand. |
| **Mei 30** | ➲ | Die groot toewyding van die Sendingwerkers. |
| **Mei 31** | ➲ | Ophef van vroue in alle sfere van die samelewing. |
| **Junie 01** | ➲ | Nuwe studente vir ons Residensiële en Aand **Nehemia Bybel Kollege**. |
| **Junie 02** | ➲ | Ons Evangelie Drukpers en sy blywende funksionering met toegewyde personeel. |
| **Junie 03** | ➲ | Die toenemende intekenaars en getuienisse vir ons **5 minute YouTube boodskappe**. |

### Bid asseblief vir ...

| | | |
|---|---|---|
| **Junie 04** | ➲ | Sy genade ten opsigte van ons Gebedsbondgenote, Intekenaars, Geloofs Vennote, Lewens Vennote en Groot Opdrag Vennote en hul gesinne. |
| **Junie 05** | ➲ | Die goeie gesondheid van ons werknemers en hul gesinne. |
| **Junie 06** | ➲ | Al die lande om eenheid en voorspoed na te streef in alle aspekte en beplanning. |
| **Junie 07** | ➲ | Die seën en beskerming van alle Christen Organisasies. |
| **Junie 08** | ➲ | Dat ons die Evangelie na onbereikte plekke kan versprei. |
| **Junie 09** | ➲ | Om aan ons visie te verskaf om Sy Koninkryk op aarde uit te bou. |
| **Junie 10** | ➲ | Beskerming teen koors en nuwe aansteeklike siektes. |
| **Junie 11** | ➲ | Die jeug en kinders van die wêreld om Jesus Christus aan te neem as hul persoonlike Verlosser. |
| **Junie 12** | ➲ | Die goeie gesondheid en beskerming van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin. |
| **Junie 13** | ➲ | Die uitbreiding van ons Bedieninge op welke manier nodig is. |
| **Junie 14** | ➲ | Toelating van welverdiende studente vir ons Residensiële en Aand **Nehemia Bybel Kollege** vir die 2023-24 akademiese jaar. |
| **Junie 15** | ➲ | Presidente, Eerste Ministers en alle Regerings Gesag in die Wêreld. |
| **Junie 16** | ➲ | Toelating van studente vir ons **St. Paul's Matrikulasie Skool** vir die 2023-24 akademiese jaar. |
| **Junie 17** | ➲ | Ons ondersteuners, voorbidders en vriende wat ons bediening finansieel ondersteun. |
| **Junie 18** | ➲ | Ons Mede-Redakteurs en hul gesinne. |

*verv. v. bls.4*

Duisternis beteken ook enigiets wat sonde is; wat domineer, wat onderdrukkend is, wat ons wil beheer. Miskien worstel u met 'n gewoonte wat u vashou en u kan dit nie los nie, al wil u hoe graag. Weet u dat selfs volwasse Christene soms 'n stryd het met die houvas van sonde? Met die vooruitgang van tegnologie het elkeen toegang tot die internet in die palm van hul hand. Raai wat? Dit het vele deure tot sonde geopen, wat ons nie eens onsself kan indink nie. Verslawing aan sosiale media, tyd gespandeer op TikTok, en YouTube lokfilms, aan pornografie, ongeag die ouderdom. Dit is hartseer om te sien dat selfs kinders verslaaf is aan pornografie omdat hulle hierdie toestelle in hul besit het.

Die prins van duisternis het totale beheer oor ons tyd, ons gedagtes en ons emosies met bose insette. Hierdie boosheid is besig om ons vrede te steel, ons gesins verhoudings te skaad, ons verhouding met God en bo als ons harte, gedagtes en siel te vernietig. Die grootste impak is op die volgende geslag. Elke daad wat ons verrig, beïnvloed ons kinders.

Mag God ons in staat stel om 'n DEURBRAAK te maak op wat ook al ons lewens, gesinne, Christen Kerke, ons bediening of ons wandel met God domineer.

## (b) Onkunde!

Efesiërs 4:18 sê: **mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart.**

Onkunde is 'n nadeel in die Koninkryk van God veral onkunde in die verstand. Die duiwel wil hê ons moet onkundig wees. Hy is verleidelik. Die duiwel floreer op onkunde. Moenie sê ek weet nie. 2 Korintiërs 4:4 sê: "**naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van ven die Evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, nie op hulle sou sou skyn nie**.

## (c) sinne verblind!

Soms lees ons die Bybel, maar verstaan dit nie regtig nie. Sommige wat hulself "Goeie Christen" noem het steeds nie daardie indiepte ondervinding nie. Hoekom wyk die duisternis nie? Lees die Woord van God. Vra God om u 'n deurbraak te gee vanuit u onkunde. **Vra God vir wysheid … Hy gee sonder verwyt.** (Jakobus 1:5) Die tegnologie het ook die Bybel in ons hande geplaas, ons het toegang tot verskeie vertalings, en verskeie lettergroottes, beskikbaar te alle tye, ek is bly daaroor, maar terselfdertyd is ons meer en meer van die aanlyn Bybel afhanklik. Alhoewel ons dit in ons hande het, het ons dit nie in ons hart en verstand nie.

In die verlede het mense deur die Bybel geblaai vir verwysings, maar vandag vra hulle Google. My besorgdheid is dat daar 'n dag sal kom wanneer aanlyn Bybels nie meer sal bestaan nie. Wat gaan ons dan doen? Dit lyk asof die duiwel ons vrye toegang tot die Woord van God gegee het en ons is nou daarvan afhanklik, maar as die dag kom dat aanlyn Bybels nie meer bestaan nie, sal ons nie die Woord van God hê nie. Kom ons lees ons Bybel met ywer, memoriseer die Woord van God en oordink dit dag en nag sodat dit op ons harte geskrywe is.


NEHEMIA AAND-
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

Medium : Tamil

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

Sertifikaat in Teologie : Een Jaar
Diploma in Teologie : Twee Jaar

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

## II. Deurbraak van wat?

Lig - Wat is lig?

### (a) Lig is om te verstaan!

Bring dinge in perspektief. … **God is lig; en geen duisternis is in Hom nie.** 1 Johannes 1:5 (1953). Waar lig is, is energie. Ons kry geestelike energie van die Goddelike lig. Dit verlig ons verstand. Dit help ons om duidelik te kan sien. Dit maak ons vry en gee die regte perspektief op dinge. Lig gee **openbaring**. Die Bybel is die waarheid van God; dit is die lig van God. **Stuur U lig en U waarheid; laat dié my lei; laat dié my bring na U heilige berg en na U woning** (Psalm 43: 3). As daar nie lig is nie, is daar nie waarheid nie, geen Dagbreek nie! As ons lig benodig, laat ons na die berg (God se teenwoordigheid) gaan waar God woon. Anders sal ons op dieselfde plek bly en sal dit onmoontlik wees om na die berg van God te gaan.

### (b) Lig is transformerend!

Dagbreek - beteken transformasie in Jesus Christus. 'n Flits van lig het Saulus se lewe verander. Lig is die Evangelie **Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn - dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.** 2 Korintiërs 4:6 (1953). Lig is die heerlikheid van God, wanneer dit skyn, transformeer dit. **En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is** (2 Korintiërs 3:18). Die inligting van die Woord van God kan enige mens transformeer.

Lig is 'n transformerende agent. Die ontvouing van die Evangelie bring lig. Waarom preek ons in die Kerk? Waarom sit ons vir 'n uur in die Kerk en luister? Dit is nie inligting nie. Dit is nie kopkennis nie. Dit transformeer ons. Dagbreek is om aan Christus gelykvormig te word. Laat ons getransformeer word.

Ek bid opreg dat God sal kom en ons teen Dagbreek sal help. Laat ons ons Dagbreek kry. Daar is groot krag teen Dagbreek. Jesus het die dood gebreek teen Dagbreek. Jesus het uit die graf gekom. Jesus die Lig het gekies om met Dagbreek uit te kom. Dit is 'n kragtige waarheid.

Ons nuwe verbond is gebaseer op Dagbreek. Ons verhaal oor die Opstanding begin met Dagbreek. Elke belofte van God is ja en Amen teen Dagbreek. **En as Christus nie opgewek is nie, dan is ons prediking vergeefs en vergeefs ook julle geloof.** 1 Korintiërs 15:14 (1953). Daar is krag in Dagbreek. Dit is die jaar van Dagbreek.

Laastens, kom ons dink aan Jakob.

Eerstens, die Bybel sê dat Jakob met God geworstel het tot met Dagbreek en toe het sy deurbraak gekom.

**Maar Jakob het alleen agtergebly, en 'n Man het met hom geworstel tot dagbreek. En toe Hy sien dat Hy hom nie oorwin nie, slaan Hy hom op die heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom. Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek.** Genesis 32:24-26 (1953).

*....verv. op.bls. 9*


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**“Wie dit lees moet dit goed begryp” Matteus 24:15**

## GENADE VAN GOD!

## GRACE OF GOD!

Dit was 'n lieflike oggend! Op daardie Sondagoggend was my oupa, ouma, moeder, vader en al ons kinders aangetrek, en opgewonde stap ons na die Kerk van Suid-Indië in 'n klein dorpie genaamd Nellaraikkonam. Ek was 12 jaar oud en het almal dopgehou. Elkeen van hulle beskik oor een of ander kwalifikasie. Ek het minderwaardig gevoel. Ek het die Here Jesus Christus in die Kerk aanbid. Toe ontstaan daar 'n vraag in my. Die Here Jesus Christus het Sy Hemelse 'kwalifikasies' opgegee en na hierdie wêreld toe gekom om hierdie nuwe lewe aan die mensdom te gee. Ek het myself gevra: “Hoekom word ek dan nie 'n dienskneg van die Here nie, net soos my predikant?” Die Here Jesus Christus het daardie dag duidelik met my gepraat in die Kerk.

Daardie dag het die predikant gepraat oor die Profeet Samuel. Sy Skrifverwysing het gekom uit 1 Samuel 3.

In I Samuel 3:1-4 lees ons dat die Woord van die Here in daardie dae skaars was en daar was geen herlewing nie. Dit was in so 'n tyd dat die Profeet Samuel die Priester Eli bedien het by die Tabernakel en een aand gaan slaap het. En toe roep God vir Samuel. My predikant het oor hierdie insident gepreek en die waarheid verkondig dat God die seun Samuel opgelig het om 'n Rigter in Israel te word en ook 'n groot profeet.

Hierdie woorde was uiters belangrik vir my en dit het die middelpunt van my lewe geword waarvolgens my lewe funksioneer.

1. Ek was lief vir my Kerk en die mense. Ek het van toe af elke Saterdag Kerk toe gegaan en die plek opgeruim en stoele en banke afgestof. Ek het ook die Kerk kampus skoon gemaak. Ek het die musiek instrumente soos die tromme, tamboeryn en harmonika op die regte plekke neergesit. Later het ek die sub-bedienings groep genaamd “Good News Prayer Band” georganiseeer en die Kerk gehelp met instandhouding en bedieninge.

**“Hy rig die geringe op uit die stof, uit die ashoop verhef Hy die behoeftige, om hulle te laat sit by die vorste en hulle ' n erestoel te laat beërwe ...”**

2. Ek het ook my hulp aangebied by my predikante. Ek het hulle sakke help dra, hul skoene skoon gemaak en ook ontbyt, middagete en aandete van my huis geneem en hulle gaan bedien. So het ek my predikante en ander diensknegte van God bedien.
3. Ek het ook myself goed gedra teenoor die Kerklidmate. Ek was 'n goeie broeder vir elkeen van hulle en gehelp waar ek kon.

Hoewel ek 'n goeie dien natuur gehad het, was ek nie begaafd in my manier van praat nie, en was my geheue ook nie van die beste nie. Ek het ook nie hoë opleiding gehad nie en my talente en gawes was maar min in vergelyking met my vriende.

My vriende van my ouderdom het by kolleges gestudeer, spesiale onderrig bygewoon, baie tale aangeleer, hulle vaardighede ontwikkel deur 'karate' te beoefen en hulle kennis uitgebrei deur lesings by te woon. Maar God het aan my die vermoë geskenk om dienste by die Kerk te verrig en ook vir die Here se diensknegte.

Die Here God het my opgetel van die laagste vlak net soos Hy vir Damuel opgetel het. Tydens my amp as 'n verantwoordelike en getroue Regerings amptenaar vir ongeveer 23 jaar was God altyd daar vir my. Dit was sigbaar in die feit dat die Regering my dienste gewaardeer het en aan my spesiale verlof toegestaan het om ook my roeping uit te leef.

God het my toegelaat om effektief te funksioneer in beide ampte en ek sien ag dit as 'n wonder van wonders!

Samuel het die Kerk liefgehad en dit as 'n voorreg beskou om die man van God tot diens te kan wees. So, God het hom opgetel tot 'n groot profeet in die geestelike realm en tot 'n groot Rigter in die land Israel.

Indien u ook die Kerk respekteer en dien, asook u predikante, sal u verseker groot hoogtes bereik.

***

*verv. v. bls.7*

Die hele nasie van Israel is hier gebore. Dagbreek is baie kragtig. Wat ook al u voor bid hou aan bid tot die antwoord deurbreek! Bly bid en worstel soos Jakob en u deurbraak sal teen Dagbreek kom.

Tweedens, Jakob was bang dat sy broer hom kan aanval en hy stuur vredes offers na Esau, denkende dat dit sy broer se woede sal kalmeer. Maar wat werklik gebeur het, is dat God het vrede en rekonsiliasie tussen die broers bewerk het sonder enige probleem. Hoe dit ook al sy, Jakob is deur God op sy heup geslaan. Na daardie worsteling is sy loop getransformeer. Laat God in ons lewens werk, wanneer Hy werk, sal ons wandel getransformeer word. Ons sal nooit weer dieselfde wees nie. Onthou na die deurbraak is 'n nuwe nasie gevorm en na u deurbraak sal daar 'n nuwe seisoen aanbreek!

Ek glo dat daar iets groots gaan gebeur. 'n Groot verandering. 'n Seisoen waar so baie dinge gestriem is, vasgevang is met elemente van duisternis. Teen Dagbreek gaan iets gebeur. 'n Nuwe hoofstuk, 'n nuwe seisoen van deurbraak. Individueel, as 'n gesin, as 'n Kerk, as 'n nasie. Iets gaan gebeur.

Maar ons moet gebroke wees. Tensy ons gebroke is, sal ons nie kan ingaan nie. Net soos moeder hen sit en broei, in die regte seisoen, teen die regte temperatuur, kraak die eier en lewe kom uit. Tensy ons weet hoe om te breek, kan ons nie geboorte skenk nie. Teen Dagbreek is daar lig, maar die lig moet deurdring. As dit eers 'n nuwe opening deurbreek, 'n portaal, sal daar 'n nuwe seisoen van lig deurbreek.

Mag daar vir elkeen van ons 'n Deurbraak wees. Want God sal ons teen Dagbreek help. U sal nie beweeg word nie, God is in die middel. Met daardie vertroue, laat ons voort beweeg!

Mag die Here u seën!

************

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR** - Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Pastoreberading : 4.00 nm. Sondag
18. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
19. Midweek Bybelstudie : 6.30 nm. Woensdag
20. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
21. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
22. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
23. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
24. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
25. Gebedsgeleentheid vir ouers : 4.00 nm. Eerste Sondag
26. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
27. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
28. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
29. Youth / Kid Prayer : 10.00 p.m. daily
30. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
31. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen 'n Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word 'n geestelike dienaar binne 'n paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRIKULASIE SKOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**
**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th MAY 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**